**Donderdag 14 April**

**Skrifgedeelte: Job 38:1-38**
**Fokusgedeelte: Job 38:4**

## Waar was jy toe Ek …

Waar was jy …? Hierdie vraag sny baie diep in die hart van elke ware gelowige, ook in Job, die regverdige man. Hy het, in ’n poging om hom te verontskuldig, te ver gegaan …

Hoe kan jy dan vir God wil voorskryf? Selfs al was Job se woorde en worstelinge deel van sy rouproses, van sy poging om sin te probeer maak uit alles wat met hom gebeur het.

Ken jou plek, Job! Hierdie keer is dit nie een van sy vriende of Elihu nie! Dit is God Self wat nou, nadat Hy vir Job genoegsame tyd gegee het om te redeneer, sê: *Terug op jou plek! Waar was jy?*

God kom teken Homself met dieselfde beelde wat Hy reeds aan Jesaja meegedeel het (Jes. 40). Het jy al dieper gaan kyk? Waar was jy toe Ek die aarde se fondamente gelê het? Toe Ek die aarde met ’n maatlyn afgemeet het? Toe Ek die see opgedam het? Het jy al by die seebodem gekom? Die ingang van die doderyk gesien? Daar waar die sneeu en hael gebêre word? Daar waar die reën en doudruppels vergader word?

As jy op al hierdie vrae “nee” kan sê, raak stil en bely God net omdat Hy God is! Hy is vry om te doen en op te tree soos Hy wil! Daarvoor is Hy God en het Hy deur sy Woord en Gees alles so geplaas en gedoen soos Hy wou! Al wat ons pas, is om voor Hom stil te raak en Hom oor sy vrymag te aanbid.

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2*

*Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*